http://www.christelikebiblioteek.co.za of http://proregno.com
Jaargang 7, Nr 1 • GRATIS!

# Kelkiewyn

Roepstem uit die Dorsland

## Dit is 'n stukkende wêreld dié, my ou!

## God se soewereiniteit en ons gebede.


## 'n Begeerte na Christus.

## Dink, mense! Dink!

## Gevolge van die sondeval.

## Maak jouself van binne skoon.

## 'n Gebroke hart en gans verslae gees.



Kelkiewyn Apr 14.indd 1 5/23/2014 8:28:24 AM

# Dit is 'n stukkende wêreld dié, my ou!

Die boek geskryf deur professor Hans du Plessis met die titel: "*Dis 'n flippen stukkende wêreld dié, my ou*" laat 'n mens nadink as ons so rondom ons kyk ... . Hoekom lyk die wêreld waarin ons leef soos hy lyk? Al die probleme waarmee die mense worstel elke liewe dag; al die swaarkry, die geswoeg en sweet om kop bo water te hou. Oorloë, siekte, hartseer, ouderdom, droogte, ensovoorts, ensovoorts. Ons is dalk geneig om almal saam te stem met die titel van die boek.

Baie van ons bevind onsself voetsleep in 'n wêreld van oorlewing. Niks het dalk vir jou verander sedert die begin van die jaar nie. Elke mens, gelowig of ongelowig, dink na en worstel met die vraagstuk hoekom die ou wêreld so stukkend moet wees en hoekom die vreugde van die lewe en die lekker dae en dinge nie maar net kan aanhou en aanhou nie.

Baie wil hulleself dan ook nie as 'n 'smartvraat' beskou nie en probeer so ver moontlik alle gedagtes wat neig in die rigting van 'n skuldgevoel dood druk. Die ongelowige mens probeer daarom op 'n honderd maniere homself besig hou met die goeie en lekker van die lewe om sodoende vry te kom van die probleme van die lewe.

## Die realiteit

Ons almal, jonk en oud, ryk en arm, selfs en veral hulle wat roem en aansien geniet in die lewe, kom uiteindelik by die grens waar die dood wag en daar laat ons alles agter (Psalm 49)!

Dit is die realiteit van die lewe en dit sal nie help om dit te probeer vermy of te ontken of jou gewete te sus nie. Ons moet as gelowiges tyd maak om diep na te dink oor hierdie werklikheid en onsself beoordeel oor dit wat aanleiding gegee het tot die ellende en gebrokenheid van ons lewe wat die gevolg is van die sonde. Meer nog, om te besef en te erken dat ek en jy aandadig is daaraan dat die wêreld so stukkend en gebroke is. Wat maak dat



alles en almal so sug en smag na verlossing. Ons moet deurdring tot ons eie sonde deur te gaan staan voor die spieël van die Here se Wet en sy Woord. Dan sal ons besef, dis nie net die wêreld daarbuite wat stukkend is nie, ook ons eie lewe lê aan skerwe as gevolg van die sonde.

## Selfondersoek

Paulus skryf in 1 Korintiërs 11 dat die mens *homself* moet beproef, d.w.s. jouself moet ondersoek. Hy wys dan daarop dat die gemeente van Korinte lyding, siektes en sterftes beleef het as oordeel en tugtiging van die Here omdat die ware selfondersoek by hulle ontbreek het. Dit word veral duidelik as hy in vers 31 sê: "*Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie*."

Die klem val hier op jouself, soos toe Natan by Dawid gekom het nadat hy owerspel en moord gepleeg het en aan hom gesê het: "*U is die man!*" Ook die hooggeplaaste Daniël het nie gehuiwer om belydenis te doen van die volk se sonde nie. Hy sluit homself egter daarby in as hy sê: "... *ons het gesondig en verkeerd gedoen en goddeloos gehandel en in opstand gekom en van u gebooie en verordeninge afgewyk.*"

Ek en jy moet ook dink oor ons vervloeking voor God en nie te gou praat van Jesus se liefde nog voor ons behoorlik verstaan hoe afgryslik die sonde was wat geroep het vir sy verlossing en liefde nie. Deuteronomium 27:26 en Galasiërs 3:10 spel die konsekwensies van ons dade so duidelik uit as die Here sê: "*Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.*"

Sonde is dus niks anders as ongehoorsaamheid aan die bevele en instellings van die Here nie en daarom het God se vloek op elkeen van ons gerus. So erg was hierdie vloek, dat God se eie Seun uit die hemel gekom het om dit in ons plek te dra, omdat ons dit self nooit sou kon dra nie. Ons krankhede het hy op Hom geneem.

Nou moet ons ook mooi oplet: ons praat van *self*ondersoek, nie om in die eerste plek die lewens van ander of die wêreld waarin ons leef te beoordeel nie, want die beoordeling van ander mense lei tot selfregverdiging. Selfondersoek is beoordeling *van* jouself en nie *deur* jouself nie. God self en sy Woord moet die beoordelaars wees (1 Kron. 28:9; Ps. 139). Gebruik met ander woorde die regte beoordelaars.

## Is jy in die geloof?

Die doel van selfondersoek is nie om te bepaal of jy gered is en of jy werklik glo nie. Selfondersoek kan niks verander aan jou redding of geloof nie. Hulle wat nie glo nie, kan nie selfondersoek doen nie. En hulle wat glo, moet nie twyfel en daardeur hulle eie verlossing bevraagteken nie. Om te twyfel is sonde. Die doel van ware selfondersoek is eerder om te bepaal of ons *in* die geloof is (2 Kor. 13: 5).

Om in die geloof te wees, behels om 'n opregte en godsalige lewe te lei en in die geloof met God te wandel. Is die mens daartoe in staat om homself eerlik te beoordeel, sal sommige nou vra? As 'n mens dink hoe klein en swak ons begrip is van ons verlossing – die



Kelkiewyn Apr 14.indd 2 5/23/2014 8:28:25 AM

liefde waarmee ons Here ons eerste liefgehad het, wie is daar wat kan sê hy kon dit al vir 'n oomblik regkry om die omvang en diepte van sy eie sondige bestaan volkome te verstaan?

Ware selfondersoek bring jou egter te staan voor God. Dit is om die stem van die goeie Herder te hoor soos daar in die paradys na die sondeval toe Hy geroep het: "*Waar is jy*?" Ja, waar is jy dan ... waar was ons? Sê nou maar ons Goeie Herder het jou en my nie kom soek nie? Hoe stukkend sou ons lewens dan net nie gewees het nie?

Dit is waartoe ware selfondersoek ons moet lei. Na Hom wat die gebrokenheid van hierdie lewe so volkome op Hom geneem het dat daar geen heel plek aan sy liggaam meer was nie. Dan gaan jy verbete vasgryp aan Hom wat die vervulling geword het van die moeder van alle beloftes, toe God aan die slang gesê het: *Hy (Christus) sal jou die kop vermorsel (Gen. 3:16)*.

Die wêreld is nog nie volkome nie, maar dit is nie meer stukkend nie! Jesus het dit kom heelmaak en sal dit eendag ook volkome maak!

Michael Duvenhage



## Ondersoek jouself

Om te groei en vooruit te gaan in die geloof, is dit nodig om gereeld voorraadopname van jou eie lewe te maak. Dit neem soms tyd. Jy weet mos hoe laat jou wederhelfte van die werk af kom die dae wanneer hulle "*stock take*" het. Jou eie opname behoort ook tyd te neem. Dis egter makliker as jy dit meer gereeld doen. Wanneer jy egter 'n '*voorraadopname*' maak, is een van die belangrikste dinge waaroor jy moet nadink, jou eie persoon. Jy moet jouself ondersoek en dit is seker een van die moeilikste dinge in die lewe. Om werklik eerlik met jouself te wees, verg mos inspanning. Min van ons kry dit sommer maklik reg.

Om jouself egter te ken, moet jy ook die mensdom ken. Wat het al met die mensdom gebeur? Wat is ons geneigdheid? Wat wil God hê moet ons, jy, dan hier doen? Jy moet jou eie geaardheid ken. Jy moet jou eie swakhede ken en ook weet hoe om daarteen te stry. Dan moet jy weet waar jou verlossing vandaan kom. Oplossings en redding kom nie van die wêreld af nie. Uitkoms word deur God gegee deur geloof in Jesus Christus. Wanneer jy die verlossing smaak, sal jy vooruitgaan en groei in die geloof en jy sal dankbaar lewe.

Die *Kelkiewyn* wil jou toerus om anders te dink. Om 'n hoër en beter perspektief op sake te ontwikkel, om meer *oor* en meer *soos* God te dink (Kol. 3:1-2). Nadat jy gedink het, moet jy egter oorgaan tot aksie. Dis wat ons wil hê jy moet doen. Leef uit die Bybelse instruksie wat ons hierin wil weergee.


In hierdie uitgawe word jy opgeroep om jouself te ondersoek. Verskeie tematiese artikels sal die oproep ook op jou doen.

Ons nooi jou uit om nie net die artikels te lees nie, maar ook diep na te dink oor die skrywers se gedagtes. Ondersoek jouself!

### Redaksie



**Redakteur**
Ds. Neil Prinsloo
redakteur@kelkiewyn.za.net
+264 81 -294 0055



**Taalsuiwerheid**
Tienie Duvenhage
info@uitspanhunting.com



**Bladuitleg**
Dina Adamson
dina.adamson@iway.na



Kelkiewyn Apr 14.indd 3 5/23/2014 8:28:26 AM

# 'n Begeerte na Christus

## Jou lewe is 'n dankoffer

In Romeine 12:1 sê Paulus: *"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer ..."* Hierdie woorde van Paulus maak vir ons 'n skatkis oop in die rykdomme van God se Openbaring.

Ek dink dat Paulus hier wys op die konsekwensie van Romeine 1-11 wat leer dat die totaal verlore mens uit genade alleen, deur die geloof alleen en in Christus alleen, verlos word. Die konsekwensie is dat elkeen wat deur die geloof deel gekry het aan hierdie wonderlike verlossing, kragtig opgeroep behoort te word tot 'n lewe van totale oorgawe aan God - 'n lewe as dankoffer.

Sal jy nie ook, nadat jy besef het hoe skrikwekkend verlore jy was, en hoe jy uit genade alleen verlos is, jou hele lewe uit dankbaarheid aan God wil wy nie? Wie sal nie die liefde wat God aan hom/haar bewys het, wil uitleef na sy/haar naaste nie? Dit kan tog nie anders nie. 'n Dankbare lewe is 'n bewys van elkeen wat verlos is.

## Bewys jou lewenswyse jou verlossing?

Is jou lewe 'n bewys dat God se verlossing nou in jou lewe 'n werklikheid geword het? Vertel jou lewe van liefde teenoor jou naaste ... en jou vyande ... van jou dankbare liefde teenoor God vir sy groot verlossingswerk?

Wanneer ek na myself kyk, wonder ek baie maal of ek werklik verlos is, want kyk ek na myself sien ek nog soveel aakligheid en nydigheid. Ek sien soveel valsheid voor God, soveel verbittering en liefdeloosheid teenoor my naaste. En net hier bring my ondersoek my by Paulus se klag in Romeine 7:21, waar hy sê: *"Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig."* En net 'n entjie verder sê hy: *"Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"* (Rom. 7:24).



Nou moet ons egter nie moedeloos raak nie. Nee, ons selfondersoek moet ons ook hiermee by Christus bring (Rom. 7:25; Heidelbergse Kategismus Sondag 44 v/a 115).

## Sonder Christus kan jy niks

Oor hierdie baie belangrike saak praat Christus in Johannes 15:4-5. En daaruit moet ons leer dat 'n opregte begeerte na 'n dankbaarheidslewe, of 'n lewe van goeie werke, altyd 'n begeerte na Christus moet wees.

In Johannes 15:4. se Christus: *"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie."* En dan onderstreep Christus dit as Hy in Johannes 15:5 sê: *"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."* Sien jy wat sê Christus hier? *"... sonder My kan julle niks doen nie."* Christus is nie alleen ons enigste Verlosser nie, Hy is ook die enigste Een in Wie ons goeie werke kan doen.

Hier staan ons by 'n baie belangrike waarheid. Ons moet nooit dink dat ons op ons eie 'n lewe van dankbaarheid en goeie werke moet leef nie. Christus is ook die enigste Een wat ons 'n lewe van dankbaarheid en goeie werke kan laat leef. Sonder Christus kan ons *niks* doen nie - ook nie 'n lewe van dankbaarheid *leef* nie. Daarom sê Christus: *"Bly in My, soos Ek in julle ..."* (v.4).

Wanneer Hy sê *Bly in My,* dan is die Griekse woord wat ons vertaal met *bly,* 'n woord waarmee Christus sê: 'Maak dit jou hoogste prioriteit om in My te bly. Wanneer dit dus gaan om goeie werke, moenie eerste dink aan wat *jy* nou moet begin doen nie. Maak dit jou hoogste prioriteit om 'in *My'* te bly. Hoe bly ons in Christus? Net deur die geloof. En om deur die geloof in Christus te bly, is om altyd te besef dat *ek* niks kan doen nie, en dan met vertroue aan Christus vas te gryp. Om deur die geloof aan Christus vas te gryp, beteken om uit die geloof te bid en te sê: 'Here, ek wil in U bly. En bly U tog in My!' So, deur die geloof, kom bly Christus dan deur die Heilige Gees in ons, en ons in Hom (Ef. 3:17; Rom. 8:9-11).

Dan eers kan ons 'n lewe van ware dankbaarheid en goeie werke begin leef, want dan werk Christus in ons, dat ons kan werk; dan vloei die ware Wynstok se lewenssap in ons, sodat ons vrugte van ware dankbaarheid en goeie werke kan dra. Dan dra Christus deur sy Gees in ons die vrug van die Gees, sodat ons opreg voor God kan wandel en eerlik alle vyandskap, haat en nyd kan laat vaar en in ware liefde en eensgesindheid met my naaste kan lewe (Gal. 5:22-23; Ef. 5:9).

## Begeer Christus!

Ware selfondersoek gaan altyd oor *die* vraag: Begeer jy en ek vir Christus? Besef jy en ek dat ons sonder Christus niks is, verlore is, en niks goeds kan doen nie? Besef jy en ek nou dat dankbaarheid en goeie werke ook die werk van Christus in ons is? Hierdie besef moet jou dwing om deur die geloof na Christus toe te gaan. Ons moet dwarsdeur ons lewens deur altyd weer na Hom toe (Heidelbergse Kategismus Sondag 31 v/a 84; Sondag 44 v/a 115). Wanneer ons altyd weer na Hom toe gaan, kry ons ook daagliks sekerheid oor ons saligheid. Want Christus het eenmaal in Johannes 6:37 gesê: *"Al wat die Vader My gee* (in die uitverkiesing), *sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."*

En in Johannes 6:44 het Hy gesê: *"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag."*

Vervolg op bladsy 5.



Kelkiewyn Apr 14.indd 4 5/23/2014 8:28:26 AM



# Dink, mense! Dink!

Ek bring baie ure deur saam met 'n groep jongmense en ons het baie interessante gesprekke. Een van die meisies is in graad 11. Vir haar is dit moeilik om te verstaan dat daar so baie leerlinge is wat net nie kan skryf nie. Sy lees hulle skoolwerk en dink "Maar jy praat al jou hele lewe lank Afrikaans. Jy kan 'n sin of twee praat. Waarom kan jy nie skryf nie?"

## Meer tegnologie, maar ons kan nie inligting weergee nie

Ongeveer dieselfde tyd kry ek 'n e-pos van 'n universiteitsvriend met 'n elektroniese skakel na 'n graad 8 finale eksamen van die 1950's. Dis Geografie, Sosiale studies, Geskiedenis, Literatuur en dan ook Skryfvaardigheid. Die eksamen was moeilik. Baie moeiliker as vandag se eksamens.

Ek raak baie dikwels half depressief oor die onderrig wat kinders vandag ontvang. Ek weet dit laat my soos 'n regte ou klakous klink, maar ek dink met al die probleme wat die samelewing deesdae het, ons eerder ons kinders moet leer om 'n skrapsie meer as net een "soundbite" te hanteer. As hulle nie ons geskiedenis ken om dinge in perspektief te stel nie, hoe sal hulle vandag se diktators in die wêreld kan hanteer? Maar dis te maklik om net die skolestelsel aan te val.

## Wat doen die kerk om denke te stimuleer?

Jy sou dink dat die kerk 'n plek is wat aanmoedig om te leer en te dink. Tradisioneel was dit die geval. Baie denominasies is juis gebore om meer intellektueel te wees in vergelyking met ongeleerde mense. Tersiêre onderrig was aanvanklik net teologie. Christene was beskou as meer geskoold, omdat hulle die Bybel kon lees en ook daaroor moes nadink en omdat die Christendom alles wat jy oor die skepping behoort te weet, ondersoek het, het alle tersiêre onderwys voortgevloei uit die teologie.

Vandag wil die meeste kerke egter nie meer hê mense moet te veel dink nie. As 'n spreker, vind ek dit moeilik om by hierdie dinge verby te kom. Ek doen baie beter met opvolg seminare as met geleenthede waar ek net vinnig 'n woord kan spreek. Dis 'n uitdaging om werklik in diepte inligting oor te dra, want mense wil meestal nie meer dink nie. Dan wil ons generasie homself aanmatig om te glo dat ons meer weet as die vorige generasies. Meer inligting, meer kennis, beter denke? Ek glo dit nie. Die praktyk wys die teendeel.

Een van die kinders waarmee ek gereeld kontak het, se grootste klagte oor Christen onderwys, of dit nou by die kerk se katkisasie (Sondagskool) of kampe is, is dat dit altyd op dieselfde dinge fokus. Dawid en Goliat, Noag, Josua, Josef, Jona, Jesus in die krip en maatskaplike verantwoordelikheid. Daar word nie van kinders verwag om te dink nie. Die Bybelse geskiedenis word ook selde binne konteks geplaas nie.

Ek het gelees van 'n studie wat onlangs gedoen is by 'n Christelike opleidingsentrum. Mense moes 'n meervoudigekeuse vraestel invul oor wie bekend is daarvoor dat hy baie Psalms geskryf het. Dawid, Moses, Paulus of Frederik die vrome was die keuses. Nodeloos om te sê dat Frederik die vrome los hande gewen het. Ons mense ken nie eers meer die basiese dinge van hulle geloof nie - selfs mense wat hulle hele lewe lank al Christene is. Hoe kan ons, ons Koning, Christus dien, as ons Hom en Sy woorde nie ken nie?

## Geen konteks - geen denke

As ons nie konteks leer nie - of dit Bybelse geskiedenis of moderne geskiedenis is - voed ons nie ons kinders op om werklik te kan dink nie. Jy sou werklik van die kerk verwag om die dinge darem te verstaan. Jy sou werklik verwag die kerk sou darem fokus op Bybelse memorisering en werklike verstaan van die Bybel.

Nee, ons fokus eerder op makliker dinge en vermaak. Dan wonder ons hoekom verlaat die jongmense die kerk en selfs hulle geloof? Die kerk gee dan nie diepte aan die geloof wat hulle onderrig nie.

Sommige kerke maak amper onderrig belaglik, want:

- hulle wil nie iemand affronteer wat nie saamstem nie;
- hulle wil eerder mense laat ontspan en hulle vermaak as om denke te stimuleer;
- hulle wil tog nie van almal wat by die kerk kom, predikante maak nie.

Ek wens ek het die oplossing geken, maar ek weet nog nie wat dit is nie. Ek dink ons was baie slimmer, voor *Binnelanders*, *Sewende Laan*, *Smallville* en *Buffy*. Voor die *Super Rugby* belangriker geword het as die Bybel. Voor ons kerke, wat probeer om Bybelkennis oor te dra, afgelag het.

My enigste oplossing vir my eie gesin is: Ons kyk nie te veel TV nie, ons onderrig self ons kinders in die vrese van die Here en ons help ons kinders leer om dinge te memoriseer. Dit gaan egter nie die gemeenskap in die geheel help nie. So wat gaan ons doen? Het jy enige idees?

Daniel Robberts

---

Vervolg vanaf bladsy 4.

By Christus verander jou lewe radikaal, omdat *Christus* jou lewe radikaal verander. Ja, elkeen wat waarlik by Christus gekom het, omdat die Vader jou getrek het, se lewe word al meer verander van haat na liefhê (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 2 v/a 5; Sondag 3 v/a 8; Dortse leerreëls 1:12; 5:10).

Waar staan jy? Hoe lyk jou lewe van dankbaarheid en goeie werke? Begeer jy dit? En begeer jy daarom vir Christus, en sy lewe in jou, omdat jy besef dat jy sonder Hom niks kan doen nie? Bid dat die Heilige Gees hierdie besef al meer in jou sal werk. Bid dan: 'Here, laat my in U bly. En bly U tog in my. Want sonder U kan ek niks doen nie.'

Ds. Cobus Rossouw



Kelkiewyn Apr 14.indd 5 5/23/2014 8:28:26 AM



# 'n Gebroke hart en gans verslae gees

**Lees: 2 Samuel 11 en 12 en Psalm 51.**

**Fokus: Psalm 51**

Egbreek, 'n buite-egtelike swangerskap wat oorgaan in moord om sodoende die eerste sondes te probeer toesmeer; en die dood van 'n pasgebore babatjie is die agtergrond van Psalm 51. Hierdie dag, toe die profeet Natan daar by die paleis instap, breek die HERE *self* Dawid se hardnekkige hoogmoed en verander dit in ootmoed.

## Hoe doen ek selfondersoek?

Die HERE openbaar aan ons in Boetpsalm 51 hoe ons onsself reg moet ondersoek. Hy leer ons in Dawid se versugtinge, emosies en smekinge op die enigste omkeerstrategie van die lewe.

## "Wees my genadig na U goedertierenheid"

Natan die profeet praat so reguit met Dawid dat Dawid homself veroordeel. Die Woord en die Heilige Gees laat jou, jou sonde besef. As die skok aanbreek, is die eerste en enigste ding wat jy kan doen, om op grond van God se genade, na Hom te gaan (Ps. 51:3). As jy alleen op grond van God se genade naderkom, besef jy dat jy nie eers een stukkie verskoning kan aanbied nie en dat jy glad nie vanself goed is nie. Jy erken daarom: Ek het God nodig! Ek het Christus se kosbare bloed nodig om my sondelewe toe te maak! Jy weet in dieselfde asem dat die HERE van alle dinge, geen sonde (hoe gering dit ook mag wees) ongestraf laat bly nie. Jy verdien niks, behalwe die hel. Jy nader God op grond van Sy goedertierenheid, ja, Sy grondelose verbondsliefde wat - in Christus alleen - vervul is.

## "Was my, reinig my heeltemal"

Die gelowige erken in sy/haar sondenood dat hy/sy gewas moet word! Psalm 51 wys ons op die smeking om tog net te kan skoonkom, wat verder op hierdie pad volg. 'n Vraag wat baie gehoor word vandag is: Hoekom het ek nodig om te smeek vir skoon word, as 'n Christen in elk geval in Christus verlos is? Geliefde leser, die kruis is nie die rede waarom ek nie my sonde moet ken en bely nie. Christus se dood is juis die grond waarom ons mag/moet vra om reiniging.

## "...teen U alleen het ek gesondig..."

Baie belangrik is die droefheid en regte perspektief op ons sonde as ons onsself ondersoek en verootmoedig. Dawid dink nie verskonings uit nie. Nee, hy sien sy sondes geweldig groot voor God. Hy maak die vrag nie ligter nie. Hy intensiveer as't ware sy sonde op die volgende vyf maniere:

1. In Psalm 51:5 sê Dawid dat hy nie van sy sonde kan vergeet nie. Ons kan ons ongeregtighede gerieflikheidshalwe nie onder die mat in vee nie. Dit bly in jou kop, dit pla jou en bring jou verder by jou eie skuld en onvermoë uit.
2. Verder is dit opvallend – daar is nie een woord in Psalm 51 te lees van die onreg wat Batseba (en haar familie), of Uria oorgekom het weens Dawid se sonde nie. Natan vra vir Dawid: "*Waarom het jy die Woord van die HERE verag...*?" (2 Sam. 12:9). Sonde is in die eerste plek teen God. Sy eer word aangetas. Die sonde lê oop en bloot voor Hom! Ware selfondersoek beteken dat jy weet jy het teen *God* gesondig!
3. Dawid besef daarby dat hy verdien om ewig gestraf te word (vers 6b). Die eer van God as God moet regspreek, is in sy sieleworsteling.
4. Hy erken verder dat die HERE hom deur sy lewe geleer het en dat hy ten spyte van die feit dat God sy Leermeester was, gruwelik verkeerd opgetree het (vers 8b).
5. Sy erfsonde (vers 7) bied hy ook nie ter verskoning of versagting aan nie. Vir Dawid is sy erfsonde 'n saak wat hy uitlig om te wys hoe geweldig groot sy sondelas en sondeskuld is.

Selfondersoek en verootmoediging eindig nie by ons sonde nie, maar gaan na ons lewende voorneme oor.

## "Gee my weer die vreugde van U heil"

Verootmoediging is veel meer as net smeking om vergiffenis. Dit is 'n hartgrondige gebed om nuwe krag en herlewing van my roeping as kind van God. Uit Psalm 51 is daar minstens vyf sake wat ons moet raaksien oor ons voorneme om voortaan tot God se eer te wil lewe:

1. Vers 13 gee ons die innige gebed dat die Here tog moet bevestig dat ons steeds Sy kind is. Mag God Sy ewige, soewereine, uitverkiesende genade aan ons bevestig deur die werking van die Heilige Gees.
2. Verder sien ons dat verootmoediging ook inhou dat ons die Here sal vra om ons hart skoon te hou en in ons 'n geestelike vastigheid sal gee.
3. Die vreugde om te mag staan binne God se verlossing, ja, soos Psalm 51:14 dit stel: "*gee my weer die vreugde van u heil*" is sekerlik een van die belangrikste wapens teen ons kleingelowige en sondige optrede. Want as ons voortdurend kan deel in die grootste hartsvreugde van ons verlossing, dan is ons oog gevestig op Christus. As ons nie in die vreugde van ons verlossing (Psalm 100:1) lewe nie, dan is ons val in ongehoorsaamheid op hande. Ware verootmoediging het veral hierdie belangrike doel: om nie alleen die brandpyn van ons sonde te voel nie, maar om ook die vreugde van ons verlossing in Christus te ken.
4. Dawid erken verder dat die sonde nie maar per toeval gebeur het nie. Daarom bid hy dat sy donker verlede mag dien om ander te leer van die HERE.

Vervolg op bladsy 7.



Kelkiewyn Apr 14.indd 6 5/23/2014 8:28:27 AM

# Gevolge van die sondeval

### Die val van die mens

Die mees tragiese gebeure in die hele wêreldgeskiedenis was nie die massamoord deur die Nazi's, die wêreldoorloë, die Groot Depressie of enige ander mensgemaakte of natuurlike ramp nie, maar wel die mens se sondeval. Hierdie één gebeurtenis verklaar al die ellende, moeite en lyding in die wêreld. Was dit nie vir die sondeval nie, sou daar geen dood, geen siekte, geen oorlog, geen hospitale, geen pyn en geen vervreemding van God gewees het nie.

Laat ons goed verstaan dat dit die val van *die mens* was wat al hierdie dinge teweeggebring het. Ons moet nie oor God kla en sê dat as Hy 'n God van liefde en genade is, sulke ellende nie kan bestaan nie. Dit is nie God nie, maar *die mens* wat vir hierdie dinge verantwoordelik is.

Hierdie ellende het oor ons gekom, nie alleen omdat Adam gesondig het nie, maar omdat sy sonde die sonde van almal is (Rom. 5:12). Omdat hy gesondig het, en ons saam met hom, het die dood en die ander gevolge van die sonde oor alle mense gekom: "*Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het*".

Hierdie getuienis van die Skrif mag nie afgemaak word deur te kenne te gee dat die verhaal van die sondeval in Genesis 3 nie die historiese waarheid is nie. As ons dit doen, kan ons nie meer die toestand van die mens, die toestand van die wêreld waarin hy woon en die noodsaaklikheid van die koms van Christus as die tweede Adam, verklaar nie.

### Dinge van blywende belang wat ons oor die sondeval moet weet:

Eva het eerste gesondig, daarom moet die vrou in die kerk onderdanig wees en met smart kinders baar (1 Tim. 2:11-14; Gen. 3:16).

Die eerste sonde is gedoen deur die aanstigting van die duiwel. Deur sy leuens en bedrog het hy Adam en Eva en hulle nakomelinge vermoor (Joh. 8:44); en omdat hulle gewillig na sy leuens geluister het, is hulle ook vir die sondeval en die gevolge daarvan verantwoordelik.

Die sondeval *van die mens* is die rede waarom God nie deur die mens vir hul geestelike toestand geblameer kan word nie. Almal word in sonde "dood" gebore, maar God het die mens volmaak geskape en aan ons in Adam 'n volmaakte verteenwoordiger gegee. In Adam het die mens gewillig teen God gekies en al die goeie gawes wat God aan hom geskenk het, kwytgeraak.

Die leuen waardeur die mens geval het, is dieselfde leuen waarna hy vandag nog luister en wat hy steeds glo: *"... dat julle soos God sal wees"* (Gen. 3:5). Deur sy eie "vrye wil" te verhef, deur aan te dring dat hyself die bewerker van sy lot is, matig hy hom in sy goddelose leringe, filosofieë en lewenswandel aan om hom niks te laat voorskryf nie en ontken hy die soewereiniteit en gesag van God. Hy wys dat hy nog die leuen van Satan glo.

Glo jy dat *jy* saam met Adam geval het; dat sy val nie net dié van die mensdom is nie, maar ook joune? As jy dit glo, weet jy waarom Christus alleen ons kan red en waarom ons in Hom moet glo.

### Sonde en die gevolge daarvan

Die meeste mense stem saam dat die wêreld in 'n haglike toestand is. Burgerlike opstand is die wêreld deur aan die orde van die dag. Misdaad neem steeds toe. Ons voer 'n stryd teen verdowingsmiddels, terrorisme en geweld. Die skepping self word verwoes en selfs weerpatrone is oënskynlik besig om te verander. Daar is diegene wat meen dat oplossings vir hierdie probleme in ingrypende veranderings aan regerings of regeringsbeleid, omgewingsbewustheid en in opvoeding gevind moet word. Ander sê dat groot somme geld bestee moet word om verandering teweeg te bring; mense moet van voldoende onderwys, behuising en ander lewensnoodsaaklikhede verseker word. Dan eers sal daar verandering ten goede kom.

### Hartprobleme

So baie weier om te besef dat die mens 'n "hartprobleem" het. Hierdie hartprobleem kan tot by sy begin met die sondeval en ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, nagegaan word.

Dié twee was volmaak geskape en bekwaam om God sonder sonde lief te hê en te dien. Nogtans het Adam gesondig deur van die vrug van die verbode boom te eet (Gen. 3).

Vervolg op bladsy 9.



Vervolg vanaf bladsy 6.

Hierdie belangrike aspek van verootmoediging (Ps. 51:15 "*Ek wil oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer*") mag ons nie gerieflikheidshalwe vergeet nie. Verootmoediging het 'n noodsaaklike evangelisasie in jou kop en in jou hart tot gevolg! Ons gebrek aan ware verootmoediging het te doen met ons traagheid om die evangelie te verkondig.

5. Om die Here se Naam te verheerlik is die fokus van ons hele lewe. In verootmoediging bely jy ook nie anders as Dawid nie: die Here alleen moet jou lippe oopmaak om Hom te kan loof! (Ps. 51:17)

Verootmoediging, selfondersoek en omkering op jou dwaalweg, kan nie beter saamgevat word as wat vers 19 dit doen nie: "*Die offers van God is 'n gebroke gees, 'n gebroke en verslae hart sal U, o HERE, nie verag nie.*"

Mag jy die krag ontvang tot selfondersoek en verootmoediging.

Ds. Koos le Roux



Kelkiewyn Apr 14.indd 7 5/23/2014 8:28:27 AM




Daar ontstaan sekere vrae in mense se gedagtes wanneer hulle dink aan die soewereiniteit (alleenheerskappy) van God.

### Waarom verkondig ons die goeie nuus?

Ons het gesê dat die mens nie in staat is om te kies om van sy sonde gered te word nie en dat God self sy innerlike natuur moet verander. As God die verandering in die mens se natuur teweegbring, hoekom moet Christene die moeite doen om die goeie nuus van verlossing van sonde te verkondig? Ons het geleer dat die mens so sondig is dat hy nie self kan kies om in Jesus Christus te glo nie. Hoekom moet Christene dan vir mense vertel dat hulle moet glo?

God beveel dat Christene verlossing moet verkondig. Ons verkondig nie die goeie nuus van verlossing omdat ons dink dat sondige mense die vermoë het om Jesus Christus te ontvang as saligmaker nie. Ons verkondig dit omdat ons weet dat dit is wat God beveel het. Ons weet dat wanneer die goeie nuus van verlossing verkondig word, praat God self met sommige van die wat hoor. Daardie mense wat God uitverkies het, word in staat gestel om te glo.

Dit is 'n groot hulp vir Christelike prediking: om te glo dat God in beheer is van alles. Christene weet dat God se soewereine plan uitgevoer sal word. Christene weet dat die uitverkorenes van God hulle van hulle sondes sal bekeer wanneer hulle hoor van Jesus Christus die Verlosser.

### Is daar enige rede om te bid?

Is daar rede om te bid as God reeds besluit het wat gaan gebeur, en as Hy alles beheer wat gebeur? Ons kan nie maak dat God van plan verander nie. Hy het reeds al die besluite gemaak, gebed het dus geen waarde nie! Dis nie waar nie. Party mense sê dat gebed God se manier is waarop ons menslike wil dinge laat gebeur. Die Bybel leer egter duidelik dat alleen God dinge kan laat gebeur. Daarom moet die idee dat ons gebede dinge laat gebeur, verkeerd wees. Ander mense mag vir ons sê dat gebed die manier is om God van plan te laat verander. Soos ons reeds gesien het, het God reeds besluit presies wat gaan gebeur. Gebed is nie iets wat ons kan gebruik om sake te verander nie; ons gebede laat God nie van gedagte verander nie.

Gebed is deur God voorsien sodat ons Hom kan eer. Gebed is 'n manier om God te aanbid. Gebed beteken dat ons van God afhanklik is vir alles wat ons het. Gebed is 'n manier om God te vra om ons te seën. Gebed laat ons besef hoe klein en swak ons is in vergelyking met God. God het gebed aan sy kinders gegee sodat hulle kan vra vir dinge wat hulle nodig het. Gebed is nie ontwerp om dit wat God besluit het te verander nie. Aan die ander kant het God ook besluit dat gebed een van die maniere is waarop sy wil uitgevoer word. Om die goeie nuus van verlossing te verkondig, is deel van God se plan om mense te red van hulle sonde. Ons gebede is ook deel van God se plan indien ons self van ons sonde gered is.

Wanneer Christene dus bid, bid hulle dat God se plan uitgevoer sal word. Daar is sekere dinge waarvoor Christene met vertroue kan bid omdat hulle weet dat dit deel van God se plan uitmaak. Wanneer ons, ons behoeftes aan God bekend maak, laat ons onsself in sy sorg. Ons vra dat Hy met ons behoeftes sal handel volgens sy plan. Jy kan dus sien dat gebed in essensie 'n ingesteldheid is - 'n ingesteldheid van algehele afhanklikheid van God. Gebed is net mooi die teenoorgestelde daarvan om God te vertel wat om te doen, want dit vra dat sy wil sal geskied.

Dit beantwoord dan eintlik ons vraag oor die rede vir gebed. Christene bid vir dinge wat inpas by wat God reeds besluit het, dinge wat reeds deel van sy plan uitmaak. Christene bid nie om God van plan te laat verander nie, maar aanvaar dit en bid om sy seën daardeur te vind.

### Hoekom moet Christene goed doen?

Indien God reeds alles besluit het wat gaan gebeur, hoekom moet Christene dan probeer om goed te doen?

Vervolg op bladsy 9.



Kelkiewyn Apr 14.indd 8 5/23/2014 8:28:27 AM

Vervolg vanaf bladsy 8.

Indien God reeds beplan het dat Christene goed sal wees, hoekom moet hulle die moeite doen om self goed te doen?

Die antwoord is eenvoudig: omdat God dit beveel. Om die waarheid te sê, die feit dat hulle weet dat God alles beheer, help Christene tot goeie dade. Christene besef dat God hulle die vermoë gee om goeie dade te verrig.

Ware Christene weet ook dat hulle self nie die krag het om te doen wat God van hulle vra nie. Hulle besef dat God, wat alles beheer, hulle die krag gee om Hom te gehoorsaam.

## Is God onregverdig en wreed met die uitverkiesing?

Onthou dat, indien God nie sekere mense uitverkies het nie, sou niemand hoegenaamd gered gewees het van hulle sonde nie!

Indien God niemand uitverkies het nie, sou ons almal in ons sonde gesterf het.

God was nie onregverdig deur sommiges te red en ander nie, want niemand het enige reg hoegenaamd om gered te word nie.

Verlossing is geheel en al God se genade aan mense wat dit nie verdien nie. God het sy goedheid bewys aan sekere mense soos wat hy goed gedink het.

Ons mag miskien dink dat dit beter sou gewees het as God almal gered het, maar ons is nie in staat om daardie besluit te neem nie.

Ons is nie in staat om alles te sien en verstaan soos wat God dit sien en verstaan nie.

God se weë is nie soos ons s'n nie en ons kan sy weë nie behoorlik verstaan nie. Al wat ons kan sê, is dat God sy liefde bewys het deur sommige mense wat nie sy goedheid verdien nie, uit te kies en te red.

Laat my toe om jou hierdie laaste vraag te vra: Is jy een van dié wat God uitverkies het? Is daar 'n begeerte in jou hart om een van God se eie kinders te wees?

Lees asseblief die volgende Bybelverse om nog beter te verstaan:

Johannes 17:6,9; 2 Petrus 1:3; Efesiërs 2:10; 1 Petrus 1:5; 1 Samuel 3:18; Job 1:20-21

Vervolg vanaf bladsy 7.

Ons eerste voorouers het na die leuen van die duiwel, wat in die gedaante van die slang na hulle gekom het, geluister (Gen. 3:1-5; Openb. 12:9). Die mens het geglo dat hy soos God kan word.

Dit waarteen God gewaarsku het, het met Adam oor sy sonde gebeur: hy sterwe. Dit raak sy fisiese bestaan, wat in die graf eindig; en dit het, as daar nie 'n weg tot redding verstrek sou word nie, die ewige hellestraf tot gevolg. Hierdie sonde van Adam het vernietigende gevolge vir die hele mensdom gehad.

Adam was verteenwoordiger en die eerste vader van almal. Deur sy een sonde het die dood tot alle mense deurgedring (Rom. 5:12). Die treurige gevolg is dat almal geestelik dood gebore word en onmagtig is om enige goed te doen (Rom. 3:10-19).

Die hartprobleem van die mens word "volslae verdorwenheid" genoem; die onvermoë om enigiets in die oë van God reg te doen. Die Skrif praat van 'n "hart van klip" (Eseg. 11:19) en 'n "bose hart" (Jer. 16:12). 'n Hart van klip teenoor God, is die oorsaak van al die mens se moeite en verdriet.

## Hartsverandering

Hierdie gevolge van die sonde tref nie net die mens se lewe in hierdie wêreld nie, maar ook sy hoop op die toekomstige wêreld. As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie eers sien nie (Joh. 3:3).

Om weer geseënd te lewe, het die mens 'n nuwe lewe en 'n nuwe, of "rein hart" (Ps. 51:12) nodig; 'n hart en lewe wat van God self moet kom.

Eers wanneer God sy groot genadewerk, die wedergeboorte en vernuwing van sy volk, voltooi het, sal daar enige hoop wees op 'n einde aan die bose gevolge van die sonde.

As 'n gevolg van die sonde, moet selfs die teenswoordige wêreld gereinig, en die ewige koninkryk van God, tot stand gebring word. Politiek, opvoeding en maatskaplike hervorming sal dit nie doen nie.

Ronald Hanko - vertaal deur Nic Grobler





Kelkiewyn Apr 14.indd 9 5/23/2014 8:28:27 AM

# facebook se geslag opsies

## Die implikasies van geslagsverwarring in die samelewing

*Facebook* het onlangs aangekondig dat die geslagsidentifikasie-strategie vir die sosiale netwerk gaan verander. In plaas van die standaard - *manlik* of *vroulik*, sal verbruikers nou kan kies van 50 bykomende opsies. Jy sou byvoorbeeld kon kies tussen transseksueel, biseksueel, homoseksueel ensovoorts (*Fox News* at FoxNews.com, February 13, 2014).

Buiten die voor-die-hand-liggende, naamlik dat om die geslag wat God jou gegee het sedert jou geboorte te verwerp, beledigend is teenoor Sy liefde vir ons elkeen; buiten die feit dat homoseksualiteit en al die tipes van seksualiteit buite die huwelik tussen een man en een vrou sondig is; buiten die feit dat verwerping van die pad van menslike vermenigvuldiging deur God ontwerp, deur seks in die huwelik tussen een man en een vrou ook verwerping is van God se plan om Sy familie en uiteindelik die ewige lewe uit te brei; buiten al hierdie dinge, gee hierdie brokkie nuus ons 'n beter perspektief van die aard van die gemeenskap rondom ons.

## Kom ons meet die toestand van die wêreld

Die toestand van ons wêreld is opgesom in verskillende verse in die brief aan die gemeente in Rome.

Romeine 1:24- 27: " *Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer - hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.*"


Ons kan maklik die impak van die evolusieteorie in ons samelewing sien. Evolusie verwerp in sy suiwerste vorm God as Skepper en glo dat toeval die geslag van lewende wesens bepaal. Met 'n ingesteldheid wat die identiteit wat God vir man en vrou daar gestel het, die ontwerp vir 'n ware huwelik en seks slegs binne die huwelik weggooi, word die huidige en verdraaide sienings al hoe belangriker.


Hierdie is die tipe gemeenskap se ingesteldheid wat bevorder word in ons media. Tog het die brief aan die Romeine nog meer te sê aan ander elemente in so 'n gemeenskap. "*En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat - al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien - dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.*" (Rom. 1:28-32).

Soos ons die tekens rondom ons in die wêreld sien en soos die bose kwaliteite al meer floreer, is dit ons uitdaging om terug te keer na God en Hom te vra om ons verstande uit te sorteer. Ons moet God vra om ons by te staan om reg van verkeerd te onderskei en om dit wat Hy geskep het, te respekteer.

Soos die tyd aanstap sal dit moeiliker word om reinheid van denke te behou, maar dit sal die moeite werd wees. Die koninkryk van God, wat nooit sal verbygaan en by die volgende gier gaan aanpas nie; die uiteindelike, die onverderflike, die opgestane familie van God, is baie meer werd as die huidige struikelblokke.

Onbekend









Kelkiewyn Apr 14.indd 10 5/23/2014 8:28:27 AM

**Russel Crowe se film "Noah" het my hartsnare geroer vir al die verkeerde redes**


Ek en my vrou het besluit om die premier van Russell Crowe se nuutste film *Noah* in Hong Kong te gaan kyk. Die film het in 3D gewys en in Asië begin wys op die 27ste Maart, 'n dag voor die vertonings in Amerika. Die idee van supersterre soos Russell Crowe en Anthony Hopkins wat speel in een van die mensdom se oudste verhale, het my opgewonde gemaak. Dit was fassinerend om te sien hoe vandag se moderne tegnologie 'n moderne kinkel aan filmgangers kon gee. Vyf minute later het ek my besluit om die film te gaan kyk, berou. Ek wens ek het meer navorsing oor die film gedoen. Ek wens ons het eerder ons geld gespaar. Negentig minute later het ek iets gedoen wat ek nog nooit in 25 jaar gedoen het in 'n teater nie. Ons het opgestaan en uitgeloop. My kop het gedraai en ek was in uiterste skok en ongeloof. Wat het met Amerika gebeur en hoe kon ons hierdie film so ver van die waarheid verdraai?

Daar is baie redes waarom Noah as film faal, maar ek noem hierdie 5:

1. Die akteurs dra klere wat in die vroeë 19de eeu as modern beskou sou wees! Om die karakters te sien rondloop in skoene met rugsakke en goed afgewerkte klere, was 'n onmiddellike teleurstelling binne die eerste vyf minute van die film. Hulle is uitgetooi in masjien afgewerkte klere en leerhandskoene!
2. Die film bevorder evolusie in plaas van die Skeppingsleer! Hoe is dit ooit moontlik in 'n Bybelse film? Noag vertel die verhaal van die skepping aan sy familie en dan wys die film hoe kreature uit die oseaan uit kruip, akkedisse word, dan dinosourusse, ape en uiteindelik mense. Nêrens word genoem dat die mens geskape is na God se beeld nie en dat alles volgens sy soort geskape is nie.
3. Die hoofbouers van die ark is engele wat uit die hemel geval het en dan klipkreature word. Ek weet dit klink belaglik, want dit is. Hierdie ses klipkreature is Noag se vriende en help om die ark te bou en te beskerm.
4. Noag besluit dat God eintlik almal wil doodmaak, hom en sy gesin inkluis. Op die ark besluit Noag dan om die hele mensdom uit te wis en sy hele familie te vermoor. Ja, in die film keur Noag moord en selfmoord goed.
5. Die film se booswig kry dit reg om op die ark te skuil deur 'n gat daarin te maak met 'n byl. Hy maak vriende met Noag se seun Gam om teen sy vader te draai en hom te vermoor.

Die ware verhaal van Noag is so kragtig en so dwingend dat jy nie al die Hollywood nonsens nodig het om die storielyn aan te pas vir kykers nie. Ongelukkig het die regisseer, Darren Aronofsky, die punt totaal gemis en die resultaat is 'n katastrofe.

Die film het 'n siddering teen my ruggraat afgedwing. Ek was briesend, ontstoke, ontsteld en eenvoudig geskok dat 'n verhaal van sulke epiese proporsies so verdraai kon word en oorvertel word op 'n manier wat die filmgangers totaal wegneem van die oorspronklike. In der waarheid moet ek nie verbaas wees nie, want Darren Aronofsky is 'n self-erkende ateïs! Maar soos ek meer navorsing gedoen het oor die film, kom ek af op die man se eie woorde dat sy doel met die film was om *Noah* die minste Bybelse Bybelfilm te maak. Dit lyk of Aronofsky die onmoontlike moontlik gemaak het. Hy het 'n Bybelse verhaal geneem en dit 'n sekulêre film gemaak wat nie eers een keer vir God noem nie.




Dit maak my werklik hartseer om 'n 'Bybelse' film so ver van die waarheid verwyder te sien. Dit vertel die storie van 'n Amerika wat sy siel sal verkoop om 'n dollar te maak. Ek bid vir die film se regisseur en elke akteur wat hierin gespeel het. Om iets soos die verhaal van Noag te neem en dit te verander in iets soos hierdie, kan as niks anders as laster teen God beskou word nie. My hart kry seer as Christen wat 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het, as ek dink aan die hoeveelheid mense wat hierdie film gaan kyk en daardeur mislei gaan word. In Matt. 5:44 word ons geleer: "*Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg...*" My enigste hoop is om vir die mense wat betrokke was by die film, te bid. Ons moet ook bid vir ons land en sy mense. Ons land is op die stadium so verlore. Ons moet nou nog meer as ooit tevore terugkeer na God, soos dit was toe hierdie land gestig is.

Vir almal wat *Noah* wil gaan kyk, dink weer daaroor na. As jy die Bybel hoog ag en 'n pad saam met die Here loop, sal dit jou hart aan die brand steek en jou in uiterste ongeloof laat.

Cyrus Jansen (verkort deur redaksie)

Vir die regisseur se eie woorde gaan kyk gerus na:


http://www.independent.co.uk/arts-entertainment/films/news/noah-is-the-least-biblical-biblical-film-ever-made-says-director-9214686.html




Kelkiewyn Apr 14.indd 11 5/23/2014 8:28:27 AM



# Jaag na die nagmaalstafel





## Bose Edom

Ons predikant lees tydens 'n nagmaal uit Obadja. Obadja is geskryf in die vorm van 'n gedig en speel met woorde soos op en af, hoog en laag. Obadja gaan oor die Here wat die bose volk Edom (afstammelinge van Esau) verwoes en Israel red.

'n Gevoel van wraak het in my hart opgekom, "*Lekker*. *Dit is Edom se verdiende loon, hulle wou mos met die volk van God sukkel*", het ek gedink.

## Wys jy vinger?

Die predikant begin sy nagmaalspreek met die woorde: "*Wys jy vinger?*", "*Verlekker jy jou in die val van Edom?*" Ek word tot stilstand geruk, dit is asof hy net met my praat. "*Hoe het hy geweet?*" dink ek. Soos die preek vorder, sak ek al hoe dieper in die kerkbank. "*As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie*," (1 Johannes 1:8) lees die predikant. "*Edom-hulle*" verander na "*Edom-ek*", Edom in my.

## Edom in my

Obadja lig vier sondes van Edom (van my) uit. Dit voel soos vier houe met 'n krieketkolf oor die kop:

## Die eerste hou: Ek staan kragteloos voor God.

Die Here breek *Edom se krag* af: 'n man loop veral hierdie gevaar. Jy is sterk en buig voor niemand, *jammer sê* is vir sussies. Dit maak dat ek self sukkel om vir God *jammer* te sê. In my eie krag probeer ek my probleme te dra en dit reflekteer in my gebedslewe.

## Die tweede hou: Ek besit niks, alles behoort aan die Here.

Die Here breek *Edom se rykdom* af: In hierdie kapitalistiese samelewing waarin ons grootword, draai alles om geld. 'n Suksesvolle mens is 'n ryk mens. Ekself meet ander mense se sukses aan die hoeveelheid geld wat hulle kry.

## Die derde hou: Die valse bedoelings van my hart kom na vore.

Die Here breek *Edom se onopregtheid* af: Ek is vriendelik met mense sover dit my saak pas. Ek vra hoe gaan dit met ander, maar eintlik gee ek nie werklik om nie.

## Die vierde hou: Ek voel skaam oor my hoogmoedigheid.

Die Here breek *Edom se intellek* af: Ek roem op my eie kwalifikasie en prestasies. Ek beskinder ander en maak hulle af as "*stupid*". Neergeslaan, lyk die nagmaalstafel nou vir my baie hoog. Sal ek nie soos Edom verswelg as ek eet van die brood of drink van die wyn nie?

## Jaag na die nagmaalstafel

Die preek het darem nie daar geëindig nie, want "*op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit sal 'n heiligdom wees*" (Obadja 1:17).

Ontkoming kan ook vertaal word met verlossing. Verlossing wat deur Jesus Christus bewerk is. Daar waar hy is, daar is ontkoming. Jesus Christus bring vir my die tafel in gereedheid, Hy trek my op uit die gat van die sonde. By Sion, by die nagmaalstafel, waar ek die brood eet en die wyn drink, daar deel ek in die verlossing wat Jesus Christus bewerk het.

Die besef van my eie sonde het gemaak dat ek 'n groot behoefte gehad het om nagmaal te gebruik. Die uitnodiging om nagmaal te gebruik, het ek met blymoedigheid ontvang. Die trappe op na die nagmaalstafel het my laat dink aan die berg Sion, want op die berg Sion sal daar verlossing wees.


Morné Diedericks





Kelkiewyn Apr 14.indd 12 5/23/2014 8:28:28 AM

# Daniël en sy vriende gehoorsaam God



**Lees: Daniël 1**

In die tyd van Daniël was dit ook duidelik dat die Here nie net vir die weggevoerde Jode 'n profeet gegee het nie. Hy het ook een vir die mense van Babel gegee, want ook Babel en sy koning moes weet dat daar geen ander god as die God van Israel is nie. Daardie profeet was Daniël.

Toe Nebukadnesar Jerusalem ingeneem en al die skatte buitgemaak het, het hy ook baie mense uit die volk van Juda na Babel laat bring. Veral die seuns uit die koninklike geslag en hoë kringe is weggevoer. Só het hy ook gesorg dat daar in die toekoms nie meer leiers vir die volk sou wees nie. Hierdie weggevoerde seuns is nie in die tronk gesit nie. Nebukadnesar het paleisbeamptes van hulle gemaak. Daarom moes elkeen van hulle 'n gesonde liggaam en 'n goeie verstand hê. Hulle het 'n Babiloniese opvoeding gekry. Hulle is onderrig uit die heidense boeke en moes die Babiloniese taal aanleer. Liggaamlik is hulle goed versorg. Die koning het presies voorgeskryf wat hulle moes eet en drink; hy het hom nie gesteur aan al die voedselwette wat vir hulle gegeld het nie. Hulle moes maar so gou as moontlik egte, heidense Babiloniërs word en vergeet dat hulle deel is van die heilige volk van God. Drie jaar lank sou hulle so opgevoed word en dan moes hulle gereed wees om in Babel diens te verrig.

Onder hierdie jongmense was daar ook Daniël en drie van sy vriende, Gananja, Misael en Asarja. Omdat hulle ware Babiloniërs moes word, het hulle ook Babiloniese name gekry. Daniël sou voortaan *Beltsasar* genoem word, Gananja *Sadrag*, Misael *Mesag* en Asarja *Abednego*. Dit was goed dat die Here gesorg het dat hierdie vier seuns bymekaar beland het, want hulle kon mekaar in hulle moeilike omstandighede ondersteun. Hierdie vier, en veral Daniël, het besluit om God se wet te hou en nie te eet en drink wat die koning voorgeskryf het nie.

En wat van al die ander jongmanne? Ag, hulle het seker nie gedink dat dit die moeite werd is om God se gebooie na te kom en daarvoor te stry nie. Hulle was dalk ook bang. Waarom sou hulle hul toekoms, en miskien hulle lewens op die spel plaas? Buitendien was al daardie lekker kos en drinkgoed ook nie te versmaai nie. Waarom sou hulle die lewe vir hulleself moeilik maak? Nee, dit was baie makliker om maar net te maak soos die koning sê. Hulle was swakkelinge!

Maar die Here het gewys dat Hy die mag het om alle probleme uit die weg te ruim en mense gunstig te stem teenoor die wat Hom wil dien. Heel beleefd het Daniël, ook namens sy drie vriende, gaan praat met die toesighouer aan wie se sorg die jongmanne toevertrou was. Hy het van hom toestemming gevra dat hulle nie die voorgeskrewe kos hoef te eet en die wyn hoef te drink nie, omdat hulle volgens die wet van hulle God hulle daarmee sou verontreinig.


Die beampte het glad nie kwaad geword nie. Hy het vriendelik na Daniël geluister. "Ons kan so maak," het hy bemoedigend gesê, "maar wat sal die koning sê? Hy het julle kos en drank presies voorgeskryf en as julle jul nie daarby hou nie, kan dit dalk gebeur dat julle wat voorkoms betref by die ander jongmans begin afsteek. Dan sal die koning baie kwaad wees; miskien sal dit my my lewe kos."

Ja, Daniël kon dit verstaan. Maar hy het vas geglo dat die Here hulle voedsel sou seën. Daarom het hy voorgestel: "Gee ons asseblief 'n kans om dit te probeer. Gee ons tien dae lank net wat ons wet ons toelaat om te eet en drink: brood, groente en water. Kyk dan hoe lyk ons, dan kan u immers nog altyd van besluit verander." Hierteen het die beampte nie beswaar gehad nie. Tien dae lank kon Daniël en sy vriende hulle gang gaan.

Na die tien dae is hulle ondersoek. Tot sy verbasing het die beampte gesien dat hulle baie mooier en gesonder lyk as al die ander jongmanne wat van die koning se kos geëet het. Hulle geloof is nie beskaam nie. Nou was hulle voortaan nie meer verplig om te eet wat die koning voorgeskryf het nie. Die wyn kon hulle ook maar laat staan. Die Here het gesorg dat hulle gesond bly. Maar God het nie net hulle liggame geseën nie. Hy het hulle ook verstandelik laat uitblink. In alle vakke het hulle die beste gevaar. Hulle het goeie insig in die boeke van die Babiloniërs gehad. Aan Daniël het die Here ook nog 'n besondere gawe geskenk. Bedags het hy gesigte gesien en snags vreemde drome gedroom. God het hom die wysheid gegee om dit wat hy gesien en gedroom het, uit te lê. Só is Daniël deur die Here vir sy werk as profeet in Babel gereed gemaak.

Na drie jaar het Nebukadnesar die jong Joodse ballinge voor hom laat verskyn. Hy het met elkeen van hulle afsonderlik gepraat en gesien dat hierdie vier slimmer en verstandelik meer ontwikkel is as al die ander. Toe die koning hulle 'n eksamen oor allerlei dinge laat aflê, het dit geblyk dat hulle tien maal meer insig gehad het as al die towenaars, waarsêers en sterrekykers in sy hele koninkryk. Dit was dus geen wonder dat Nebukadnesar bevind het dat Daniël en sy drie vriende besonder geskik was om hoë poste in sy ryk te beklee nie.

Uit: Bybel oorvertel vir oud en jonk






Kelkiewyn Apr 14.indd 13 5/23/2014 8:28:28 AM

Die 'Danvers Verklaring' som die behoefte vir die Raad van Bybelse Manskap en Vrouskap (RBMV) op, en dien as oorsig van hulle kernoortuigings. Die redaksie glo dat dit ook in ons omstandighede van toepassing is. Hier volg 'n verkorte weergawe.

## 1. Grondrede

Ons was in ons doel deur die volgende hedendaagse ontwikkellinge, wat ons met diep kommer opgemerk het, beweeg:

- Die wydverspreide onsekerheid in ons kultuur oor manlikheid en vroulikheid;
- die gevolge van hierdie verwarring in die ontrafeling van die huwelikstruktuur wat God geweef het;
- die toenemende bevordering van feministiese egalitarisme met meegaande vertekening òf verwaarlosing van die gelukkige harmonie tussen die liefdevolle, nederige leierskap van verloste mans en die intelligente, gewillige ondersteuning van daardie leierskap deur verloste vroue;
- die wydverspreide dubbelsinnigheid met betrekking tot die waardes van moederskap, tuisteskeppingsroeping, en die talle dienste wat histories deur vroue uitgevoer was;
- die groeiende aansprake op die wettigheidheid van seksuele verhoudings wat Bybels en histories ongeoorloof of pervers geag was, en die toename in die pornografiese weergawe van menslike seksualiteit;
- die toename van mishandeling in die gesin;
- die opkoms van rolle vir mans en vroue in kerkleierskap wat aan Bybelse onderwysing nie konformeer nie maar omsit in die verlamming van Bybelsgetroue getuienis;
- die toenemende voorkoms en aanvaarding van eienaardighede in die verklaring van die Bybel, ontwerp om die eenvoudige betekenis van Bybeltekste te herinterpreteer.
- die bedreiging van Bybelse gesag soos wat daar met die duidelikheid van die Skrif gespeel word en die toeganklikheid van die betekenis daarvan vir gewone mense in die beperkte sfeer van tegniese vindingrykheid ingetrek word;
- en hieragter sommiges, binne die kerk, se oënskynlike versoening met die tydsgees ten koste van die innemende, radikale Bybelse egtheid, wat in die krag van die Heilige Gees ons sterwende kultuur eerder mag reformeer as om dit te weerspieël.

## 2. Bevestigings

Gebaseer op ons verstaan van Bybelse onderwysing, bevestig ons die volgende:


- Beide Adam en Eva was na God se beeld geskape, as persone gelyk voor Hom en onderskeie in hul man- en vrouskap (Gen.1:26-27, 2:18).
- Onderskeide in manlike en vroulike rolle is deur God as deel van die skeppingsorde ingestel, en behoort in elke menslike hart weerklank te vind (Gen.2:18, 21-24; 1 Kor.11:7-9; 1 Tim.2:12-14).
- Adam se hoofskap in die huwelik was voor die sondeval deur God ingestel, en was nie die resultaat van sonde nie (Gen.2:16-18, 21-24, 3:1-13; 1 Kor.11:7-9).
- Die sondeval het die verhouding tussen mans en vroue verteken (Gen.3:1-7,12,16).
- Tuis neig, die man se liefdevolle, nederige hoofskap deur dominasie of passiwiteit vervang te word; die vroue se intelligente, gewillige onderwerping neig om deur troonroof of slaafsheid vervang te word.
- In die kerk, neig sonde mans tot 'n wêreldse liefde vir mag òf 'n neerlegging van geestelike verantwoordelikheid, en neig vroue om perke op hul rolle te weerstaan òf om hul gawes in paslike dienste te verwaardeloos.
- Die Ou Testament, soos ook die Nuwe Testament, druk die gelyke hoë waarde en waardigheid wat God aan die rolle van beide mans en vroue heg uit (Gen.1:26-27, 2:18; Gal.3:28). Beide Ou en Nuwe Testamente bevestig ook die beginsel van manlike hoofskap in die gesin en in die verbondsgemeenskap (Gen.2:18; Ef.5:21-33; Kol.3:18-19; 1 Tim.2:11-15).
- Verlossing in Christus poog om die vertekening deur die vloek ingedra te verwyder.
- In die gesin, behoort mans hardhandige of selfsugtige leierskap te versaak en in liefde en sorg vir hul vroue te groei; vroue behoort verset teen hul mans se gesag te versaak en in gewillige, vreugdevolle onderwerping aan hul mans se hoofskap te groei (Ef.5:21-33; Kol.3:18-19; Tit.2:3-5; 1 Pet.3:1-7).
- In die kerk, skenk verlossing in Christus mans en vroue 'n gelyke aandeel in die seëninge van saligheid; nietemin, is sommige regeer en leer rolle binne die kerk tot mans beperk (Gal.3:28; 1 Kor.11:2-16; 1 Tim.2:11-15).
- In die hele lewe is Christus die oppergesag en leidsman vir mans en vroue, sodat geen aardse onderwerping –huislik, godsdienstig, of siviel– ooit 'n mandaat impliseer om 'n menslike gesag in sonde in na te volg nie (Dan.3:10-18; Hand.4:19-20, 5:27-29; 1 Pet.3:1-2).
- In beide mans en vroue behoort 'n innige roepingsin tot die bediening nooit gebruik te word om Bybelse maatstawwe vir 'n besondere diens tersyde mee te stel nie (1 Tim.2:11-15, 3:1-13; Tit.1:5-9). Bybelse onderwysing behoort, eerder, die gesag te bly waarteen ons, ons subjektiewe onderskeiding van God se wil toets.
- Met helfte van die wêreld se bevolking buite die bereik van inheemse evangelisasie; met tallose ander verlore mense in daardie samelewings wat die evangelie gehoor het; met die moeite en verdriet van siekte, wanvoeding, dakloosheid, ongeletterdheid, onkunde, ouderdom, verslawing, misdaad, aanhouding, neurose en eensaamheid, hoef geen man of vrou wat 'n begeerte vanaf God voel om Sy genade in woord en daad bekend te maak ooit sonder 'n vervullende diens vir die eer van Christus en ten goede van hierdie verdorwe wêreld te leef nie (1 Kor.12:7-21).
- Ons is oortuig dat 'n ontkenning of verwaardelosing van hierdie beginsels tot toenemend vernietigende gevolge in ons families, ons kerke, en die kultuur oor die algemeen sal lei.



Kelkiewyn Apr 14.indd 14 5/23/2014 8:28:28 AM

# DIE WEG VAN ALMAL OP AARDE ...

***100 Vrae en Antwoorde oor die DOOD en die LEWE daarna***




Daar sal altyd by die mens baie vrae wees oor die dood. Die rede is eenvoudig: totdat die wederkoms van ons Here Jesus Christus plaasvind, is dit ’n paadjie wat ons almal moet loop. Een vir een.

Die titel van hierdie boekie is dan ook na aanleiding van Josua wat aan die einde van sy lewe sê*: En kyk, ek gaan vandag die weg van die ganse aarde* (Josua 23:14). Die dood raak ons almal. Die seer van die afsterwe van ’n geliefde gaan by nie een van ons verby nie. Daarom sal die vrae oor die dood ook altyd baie wees.

Die Bybelstudiegroepe van die Gereformeerde Kerk Kimberley het gedurende 2010 indringend stilgestaan by vrae oor die dood. Wat jy in hierdie boek gaan lees, is ’n samestelling van die vrae en antwoorde waarmee hulle ‘n jaar lank gewerk het.

Ds. Hannes maak nie aanspraak op volledigheid met hierdie boek nie, en hy stel dit ook nie voor as ‘n wetenskaplike ontleding van die verskillende vrae nie. Sover moontlik het hy lang argumentasies probeer vermy en geantwoord soos Christene oor eeue die Skrif verstaan.

Hy het duidelik nie probeer om die wiel te herontwerp nie, maar antwoord die vrae met erkenning aan bronne wat hy deurgaans gebruik het. In ’n groot mate is hierdie publikasie ’n samestelling van belangrike inligting oor die dood. Die bron-erkenning behoort dit duidelik te maak van watter navorsing gebruik is. Sover moontlik het hy die Skrif self laat praat. Dit is doodeenvoudige antwoorde op doodgewone vrae wat die problematiek van ons almal se dood en die lewe daarna aanspreek. Dink saam met hom en die Kimberley-Bybelstudiegroepe oor die DOOD, die LEWE, en die toekomstige tye wat kom.



# *Ouvrou-onder-die-kombers (‘Toad in a hole’)*



Hierdie vinnige variasie van die bekende Britse gereg is ’n heerlike eenskottelmaaltyd en ideaal vir aandetes, veral as die idees opraak.

**Bestanddele:**
500 ml (2 k) bruismeel
5 ml (1 t) sout
80 g (⅓ k) botter, gesmelt
250 ml (1 k) karringmelk
250 ml (1 k) melk
30 ml (2 e) mosterdpoeier
4 repe spek, gehalveer
1 blik (390 g) Weense worsies, gedreineer / Boerewors in repies gesny / enige ander soort worsies waarvoor jy lus het
15 ml (1 e) pietersielie.

**Metode:**
Voorverhit die oond tot 180 °C. Sif die bruismeel en sout saam in ’n groot mengbak. Klits die botter, karringmelk, melk en mosterd saam en giet by die meel. Meng goed sodat daar geen klonte in die beslag is nie. Gooi die beslag in ’n groot, ronde oondbak, draai ’n halwe stukkie spek om elke worsie en rangskik die worsies binne-in die beslag. Bak die gereg 40-50 minute of tot dit gaar en goudbruin is. Garneer met vars pietersielieblare en sit voor saam met ’n groenslaai. Genoeg vir 4-6 mense.

Cynthia de Smit



Kelkiewyn Apr 14.indd 15 5/23/2014 8:28:29 AM

# Maak jouself van binne skoon

Lees: 2 Korintiërs 13

Fokus op vers 5.

Dis mos altyd makliker om te kyk na wat by my buurman, my man, my vrou, my ouer, my kind, my broer en suster te kort skiet, as wat dit is om in my eie binnekant rond te grawe.

Tog is die Bybel nie onduidelik hieroor nie. Ons kry dikwels daarin die opdrag om onsself deeglik te ondersoek. Wat dit baie interessant maak, is dat 'n mens, deur selfondersoek, dikwels perspektief kry op krisisse, moeilike situasies en konflikte. Jy kry perspektief wat jy nie sou gehad het as jy jouself nie ondersoek het nie. Die opdrag om onsself te ondersoek is dus goed vir ons ook in verband met ons eie lewensbehoeftes.

In 2 Korintiërs 13 skryf Paulus vir die gemeente dat daar allerhande verkeerdhede in die gemeente is, daarom skryf hy vir hulle 'n brief. Die Korintiërs moes na hulleself gaan kyk om te kyk of hulle in die geloof is.

## Kyk of julle nog in die geloof lewe

Die Korintiërs moes onderling 'n groot skoonmaaksessie hou. Hulle moes alles wat vuil was uit hulle lewens haal. Hulle moes hulle self ondersoek en sou dan eers weer kon getuig dat Christus Jesus in hulle is.

Wie was hierdie Korintiërs? Hulle was 'n gemeente in die stad Korinte. Korinte was 'n geweldige groot stad vir daardie tyd. Dit was 'n bekende groot handelstad tussen die Ooste en die Weste. Daar word gepraat van maklik 300 000 inwoners. In hierdie stad was matrose, dokwerkers, slawe, handelsagente, nyweraars, romeinse soldate, toeriste – iets van alles.


Daarby was Korinte ook 'n stad van sonde. Die stad was vol afgodery. Die groot tempel van die godin Aphrodite het byvoorbeeld in die stad gestaan. Sy was die godin van die liefde en sedeloosheid en losbandigheid het hoogty gevier in die stad. Die naam Korinte kom ook van die Grieks wat beteken "*'n lewe van dronk orgies*". Korinte was met ander woorde 'n donker stad. Prof. Christi Coetzee verwys na Paulus se twee briewe aan die gemeente as Paulus se briewe aan die probleemgemeente.

Hulle het gelewe met die lewensuitkyk: Haal uit die lewe wat daar te haal is. Lekker leef, lekker eet, lekker geld verdien, lekker ryk word, lekker losbandig wees. Klink nogal baie na die ingesteldheid van baie van ons mense vandag. '*Ek glo, maar ek wil lewe soos ek wil.*'

Dan kom die woorde van 'n hoogsontstelde apostel Paulus. Die gemeente raak te eens met die wêreld. Uit die aard van die saak het die mense nie meer in sy apostelskap en die gesag waarmee hy gepraat het, geglo nie. Wat hy kwytraak, druis dan in teen alles waarmee hulle besig is.

Dan werk Paulus baie wys met hulle. Hy hanteer hulle misdade of oortredings soos in 'n hofsaak. Hy hoor hulle saak aan, maar stel ook God se saak. Hy was twee keer by hulle, maar hulle moet nou mooi hoor: *'Gaan wees eerlik met julleself.' 'Gaan doen deeglike selfondersoek.' 'Stel julle lewens op die proef.' 'Kyk of julle nog in die geloof lewe.'*

Paulus weet dat die gemeente nog *in* Christus is, maar hulle moet nou gaan kyk of hulle lewens ooreenstem met hulle geloof in Christus.



## Ondersoek jouself deeglik

Wat Paulus aan Korinthe oordra, geld ook vir ons: *'jy kan nie Christus bely en aan sy gemeente behoort en leef asof dit nie so is nie.'* Daarom roep die Here ons elkeen deur Paulus: *'ondersoek julleself'*. Kyk of julle nog in die geloof is.

Op pastorale vlak kan ons onsself dikwels vasloop in ons eie leefwêreld en lewensomstandighede. Soms is dit nodig om rustig te raak, jouself op die proef te stel, diepe selfondersoek te doen. Deur dit kom daar baie antwoorde, staan ons oop en rein voor God in ons gebede en kan ons ook die toekoms aanpak met 'n binnekant wat skoongemaak is. Dit is nie altyd maklik nie, maar dit is wel 'n moet! Leef jy nog vanuit die geloof?

Selfondersoek is nie iets daar doer ver nie. Dit is hier by jou, prakties en praktykgerig. Gaan ondersoek julleself sê Paulus. Hier praat ek met julle, nie met ander nie, met julle. Gaan ondersoek jouself.

Is my lewe nog 'n lewende en heilige offer wat vir God aanneemlik is? Iemand anders kan nie hierdie ondersoek namens jou doen nie, jy moet dit self doen. In Christus, deur die Heilige Gees.

## Toets jouself:

- rakende jou vriendekring;
- rakende jou geldsake;
- rakende jou werk;
- rakende jou gesinslewe;
- rakende jou manier van dink;
- rakende dit wat jou motiveer.

## Toets jouself:

- Is jy nog warm vir die evangelie?
- Gaan jou lewe oor Christus, of gaan dit oor die eie dikke ek?

Sterkte met die skoonmaak!

Ds. Hannes Noëth



Kelkiewyn Apr 14.indd 16 5/23/2014 8:28:30 AM